



Hoërskool Fichardtpark

diensbaarheid • integriteit • geloof • respek • uitnemendheid

Uit die skoolhoof se kantoor

Geagte ouers

Hierdie uitsonderlike en vreemde jaar staan vinnig einde se kant toe en ons is male sonder tal herinner aan Hoërskool Fichardtpark se nederige afhanklikheid van ons Hemelse Vader. Ons dink aan al ons leerders wat tans besig is met hulle November-eksamens. Ons dink in die besonder aan ons gr.12-leerders wat deur die jaar hard en toegewyd gewerk het.

Ons bid vir ons buurskool, Hoërskool Jim Fouché, wat laasweek 'n leerder, WD Grobler, aan die dood afgestaan het. Ons dink aan sy gesin asook die JF-gemeenskap. Ons Hemels Vader is ons enigste troos en Saligmaker.

Mev. Susan van Staden se skoonma is na 'n lang siekbed oorlede. Sterkte aan haar en ds. André. Ons dink aan julle in ons gebede.



Kontak Nommer: 051 522 6927 • Epos: fichpos@fpark.co.za
Hudsonrylaan 24, Fichardtpark, Bloemfontein, 9317

www.fpark.co.za

Dokumentasie

Die volgende dokumentasie is reeds 'n geruime tyd op die D6 School Communicator beskikbaar:

- Begrotingsdokument
- Debitorder dokumentasie
- Skryfbehoefte lys per graad vir 2021 (insluitend skryfboeke vir 2021)
- Sluitkassie aansoekvorm
- Datumlys vir 2021

Indien u kontak met gr.8-leerders van 2021 het, kan u bevestig dat leerders reeds ook die volledige dokumentasie (as hardekopie) by hulle onderskeie laerskole ontvang het.

Sport

Ons is opgewonde oor die groot getal leerders wat met behulp van die biokinetikuste by die skool se gimnasium oefen. 'n Groot getal gr.7-leerders oefen ook reeds by die gimnasium.

Kultuur

Heelwat kultuuraktiwiteite het die afgelope tyd plaasgevind. Geluk aan ons Drama Departement met die aanbied van die produksie "Dood van Katryn". Dit was voorwaar 'n produksie waarop ons trots kan wees.

Ons Musiek Departement het ook 'n grendelkonsert van hoë gehalte aangebied. Baie geluk aan dr. Joanita Erasmus-Alt en haar leerders.

Matriekgeskenk aan die skool

Baie dankie aan die matrikulante van 2020 vir die kloktoring wat gebou is. Hierdie kloktoring is reeds ingewy.

Jaarblad

Vanjaar sal die Jaarblad elektronies beskikbaar wees.

Foto's

Die bestelling en verkoop van foto's is nou afgehandel. Dankie aan die personeel wat dit gereël het. 'n Spesiale woord van dank aan mnr. Myburgh wat in beheer van alle reëlings was.

Klerewinkel tye

Die klerewinkel is tans Dinsdae en Donderdae tussen 13:00 - 15:00 oop. Na die sluiting van skole sal daar twee addisionele datums wees waartydens u ook klere kan koop:

- Vrydag 18 Desember 9:00 - 12:00
- Dinsdag 26 Januarie 11:30 - 13:30

Inhuldigingsfunksie van die nuwe leerderraad

Baie dankie aan ons leerderraadvoogde me. Huygen, me. Theron en mnr. Pienaar vir die reël van 'n pragfunksie.

Slaagvereistes

Ouers is welkom om die skool te kontak oor navrae oor slaagvereistes. Hierdie slaagvereistes sal ook op die D6 School Communicator geplaas word.

Rapporte

Leerders kan rapporte op Vrydag, 11 Desember tussen 07:00 tot 08:00 by die skoolsaal ontvang.

Aanvangsheffing

Ouers word herinner daaraan dat die aanvangsheffing van R1 500.00 vir 2021 reeds betaalbaar is. Die laaste datum waarop u die aanvangsheffing kan betaal, is Vrydag, 29 Januarie 2021.

Handboeke

Handboeke moet op die bepaalde dag (soos deur die vakonderwyser bepaal) ingehandig word. Verlore handboeke kan die volgende dag by die finansiële kantoor betaal word. Sodra hierdie betaling gemaak is, moet die kwitansie(s) aan vakpersoneellid oorhandig word. Verlore handboeke se koste beloop R250 per boek.

Beheerliggaam

Die verkiesing van die Beheerliggaam vind gedurende Maart 2021 plaas. Hoërskool Fichardtspark is ongelooflik afhanklik van ons ouers se insette.

Prestasie beurse 2021

Die beursbeleid vir 2021 is aangepas. Indien u enige navrae het, kontak gerus die skoolhoof.

Ten slotte wil ons versoek dat ouers steeds leerders moet aanmoedig om hard te werk – ons is in die pylvak van die akademiese skooljaar en dink aan elke leerder gedurende die eksamentyd.

Fichie-groete

A handwritten signature in black ink, appearing to read 'H. van der Merwe', with a long horizontal stroke extending to the right.

H. van der Merwe
Skoolhoof